

Graad 2

2.1 Ons visie vir Graad 2

Hierdie gids vir Graad 2 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.

In ons skool streef ons daarna om in Graad 2:

- die werk en vaardighede wat in Graad 1 aangeleer is, vas te lê
- te bou op die kennis wat die kinders in Graad 1 verwerf het
- dié kinders wat 'n probleem ondervind met genoeg individuele aandag van hulp te wees
- elke kind geborge en veilig te laat voel
- elke kind sy/haar potensiaal ten volle te laat bereik
- elke kind in hom- of haarself te laat glo, sodat hy/sy as individu kan funksioneer
- selfstandigheid en selfwerkzaamheid aan te leer en om minder afhanklik te wees van die onderwyseres se hulp – die klem word gelê op selfdoen.

3.2 Assessering in Graad 2

(Sien asseblief die Akademiese- en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: <http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf>)

In Graad 2 is die werk en assessering reeds baie meer formeel as in Graad 1, en dit is nie vreemd as daar 'n effense insinking in prestasie is vanaf Graad 1 nie. Dit neem die kinders 'n tydjie om gewoon te raak aan nuwe metodes van onderrig en assessee. Dit is dus nie 'n gegewe dat as 'n kind in Graad 1 'n 7 gekry het vir 'n vak, hy of sy dit outomaties weer in Graad 2 gaan behaal nie.

Dit is nie vir ouers nodig om hulle kinders spesifiek vir assesserings by die huis te help voorberei nie. Die klasonderwyseres gee huiswerk wat tuis deur die ouer en kinders gedoen moet word. Hierdie werk is geskoei op werk wat tydens assessering van die kinders verwag sal word. Indien die ouer dus gereeld die huiswerk saam met sy/haar kind doen, is daar geen rede om te bekommer oor die assesserings nie.

Assessering vir Lewensvaardighede is meestal informeel en deurlopend van aard. Een keer per kwartaal is daar 'n formele assessering wat deur die onderwyser opgeteken moet word.

3.3 Huiswerk in Graad 2

- Die huiswerk wat gegee word is ter versterking van die werk wat in die klas gedoen word. Ouers moet die huiswerk elke dag oorsien en teken.
- Huiswerk behoort min of meer 30 minute te neem, en moet verkieslik so gou as moontlik ná skool gedoen word, en nie in die aand wanneer die kinders moeg is nie.
- Elke kind word van 'n Huiswerkboek voorsien. Dit dien ook as kontakmiddel tussen onderwyseres en ouer, en ouers kan dit dus gebruik om boodskappe aan die klasonderwyseres te skryf.
- Lees: ons verwag dat die kinders tuis vir iemand sal voorlees en daarna vir hom-of haarself in die kamer. Daar moet gepoog word om vlot en met 'n mate van gevoel voor te lees.
- Klanke: oefen elke dag om die groepie woorde korrek te skryf.
- Wiskunde: teloefeninge of tafels.
- Huiswerk word meestal die laaste week of twee van die kwartaal gestaak.

2.4 Ouers se rol in Graad 2

- Ouers moet hul kinders motiveer om hul beste in die skool te lewer. Moedig 'n liefde vir die skool aan en ook deelname aan sport- en kultuuraktiwiteite.
- Help die kind om selfstandig te word, bv om self van die motor na die klas te loop, en om elke namiddag self die skooltas gereed te kry vir die volgende dag.
- Probeer om die kinders in 'n geborge toestand af te laai in die oggend, en nie emosioneel ontwrig of siek nie.
- Dis belangrik vir ouers om op hoogte te wees van die werk en enige ander gebeurtenisse by die skool. Werk saam met jou kind deur die huiswerk, selfs al het die kind dit reeds gedoen saam met iemand anders (in die huiswerkklas, saam met 'n ouma of au pair).
- Goeie maniere, respek vir ander en hul besittings en 'n positiewe gesindheid teenoor skool en werk moet by die huis aangeleer word.
- Die ouer en die onderwyser is vennote m.b.t. die kind se ontwikkeling, en dus is kommunikasie baie belangrik. Ken daarom die onderwyser in enige saak wat die kind se werk of gedrag kan beïnvloed. Probeer om positief te wees, en moenie die skool of onderwysers voor die kinders bespreek of afkraak nie.

2.5 Kinders se rol in Graad 2

- 'n Positiewe, meelewende gesindheid.
- Respek vir almal om hulle.
- Lus om te werk en te leer.

2.6 Onderwyser se rol in Graad 2

- Om te sorg vir 'n stimulerende, ontspanne en kreatiewe omgewing om sodoende die kinders die beste geleentheid te gee om holisties te ontwikkel.
- Om 'n atmosfeer vir leer te skep, om sodoende die beste uit die kind te kry.
- Om kinders te lei na selfstandigheid.
- Die onderwyseres word in der ware die kind se “skoolma”, en daarom is dit belangrik dat sy weet van enige belangrike sake wat die kind raak.

2.7 Algemeen:

- **Skryfbehoeftes:** Daar word 'n pakket vir die kind se gebruik deur die jaar saamgestel. Daarin is 'n potloodsakkie, potlode, uitveërs, skerpmakers, liniale, uitdraai kryte, potloodkryte, Pritt en 'n Engelse woordeboek. Hierdie pakket word saamgestel sodat elke kind dieselfde het. Die betaling hiervoor geskied aan die begin van die skooljaar en word aan die klasonderwyseres betaal. Indien dit direk aan die skool oorbetal word, moet 'n bewys van betaling asb aan die klasonderwyseres gegee word.
- **Verjaarsdae:** Ouers kan eetgoedjies saamstuur wat deur die onderwyseres uitgedeel sal word. Ons vra egter dat dit goed sal wees wat elke kind sommer met die hand kan neem, bv. klein koekies (kolwyntjies), klein pakkies skyfies en klein boksies sap per kind. Asseblief geen groot koeke wat nog gesny moet word of groot pakke skyfies wat op bordjies uitgepak moet word nie – daar is regtig nie tyd hiervoor nie.
- **Papier en sneesdoekies:** Ons vra ook asseblief aan die begin van elke jaar vir een pak fotokopieer papier per kind. Dit help met gereelde briefies, huiswerk en take wat in die klas gefotokopieer word. Aan die begin van die eerste en derde kwartaal vra ons vir 'n dosie sneesdoekies per kind vir gebruik in die klas.
- **Ouerbesoeke:** Ons reël vroeg in die eerste kwartaal 'n ouerdag, sodat die ouers individueel kan kennismaak met die onderwyseres. Enige belangrike inligting kan dan uitgeruil word. Ouers sal 'n klaslys van klasmaats se name en telefoonnommers ontvang sodra dit voltooi is. Die onderwyseres se nommer en epos adres sal ook beskikbaar wees. Ons vra egter dat onderwysers, sover moontlik, net tydens werksure geskakel sal word.

2.8. Die kurrikulum in Graad 2

Volgens die KABV is daar vier vakke in Graad 2:

2.8.1 Afrikaans Huistaal

Die volgende vaardighede word in Afrikaans gedek:

- **Luister en Praat:** Mondelinge moet die kind se eie ervaring wees, eerder as 'n uitgewerkte stuk waar die ouer te veel bydra, of alles vir die kind uitwerk.

- **Lees en Klanke:** Klem op vlotlees en intonasie, klankherkenning (enkel-, dubbel-, en drie klanke)
- **Skryf en Handskrif:** Skryf van bv naweeknuus in kronologiese volgorde van Vrydag tot Sondag.

Die Tale-program word met al die ander vakke geïntegreer. Taal word oor die kurrikulum heen in alle mondelinge, lees- en skryfwerk gebruik. Baie van die luister- en praatvaardighede word ontwikkel in Wiskunde en Lewensvaardighede.

- **Lees:** In Graad 2 word daar klem gelê op vlotheid en interpretasie, om bietjie meer met gevoel te lees en te verstaan wat gelees word. Kort begripstoetsies word ook gedoen (soms mondelings en soms skriftelik) om begrip aan te wakker.
- **Klanke:** Daar word elke week woordjies van 'n spesifieke klankgroep gegee, wat tuis geoefen moet word. In die klas bou ons sinne met die woorde om die betekenis vas te lê.
- **Taal:** Ons begin ook reeds in Graad 2 met verlede -, toekomstige en teenwoordige tyd.
- **Skryf:** Graad 2's moet sinne kan oorskryf van een tyd na 'n ander.
- **Skeppende skryfwerk:** Hulle moet ten minste AGT sinne kan skryf om 'n storie te vorm.
- **Woordsoorte:** Selfstandige naamwoord en werkwoord word ook reeds geïdentifiseer.

2.8.2 Engels Eerste Addisionele Taal

The following skills are covered:

- Listening and Speaking
- Reading and Phonics
- Writing and Handwriting

Ons mik daarna dat die Graad 2's teen die einde van die jaar die taal gemaklik kan gebruik, redelik kan lees, hulself kan help om woordjies te ontsyfer en kort sinnetjies kan skryf.

Klem word gelê op die korrekte taalgebruik. Daar word verwag dat kort mondelinge (4 – 6 sinne) gedoen word oor die kind en sy/haar omgewing en ondervinding en ook die oorvertel van stories in die kind se eie woorde.

- Phonics (klanke) word van die begin van die jaar af aangeleer. Kort woordjies word geskryf.
- Leesboeke word weekliks geruil na gelang die leerders vorder.
- Ons mik om een Engelse boek per week te lees.

2.8.3 Wiskunde

Wiskunde bestaan uit vyf inhoudsareas. Elke inhoudsarea dra tot 'n spesifieke vaardigheid by. Dié areas is as volg:

- **Getalle, bewerkings en verwantskappe:** Getalkombinasies, tel, volmaak van tien
- **Patrone, funksies en algebra:** Tafels, vorentoe en agteruit tel
- **Ruimte en vorm (Geometrie):** 2D en 3D vorms
- **Meting:** lengte, massa, inhoud, tyd
- **Datahantering:** data en grafieke

Alle werk wat in Graad 1 gedoen is, word gedurende die eerste kwartaal van Graad 2 hersien. Die is belangrik dat ouers saam met hul kinders die Wiskunde-huiswerk tuis doen, aangesien dit gewoonlik ter versterking is van wat in die klas gedoen word .

- Klem word gelê op tel : in ene, 2's, 3'e, 4'e, 5'e en 10'e. Hieruit spruit ook die vermenigvuldigings-tafels.
- Telpatrone tot 200 behoort teen die einde van die jaar herken te word. Terugtel is veral vir die Graad 2 kinders moeilik. Teloefening moet gereeld tuis gedoen word om hiermee te help.
- Geld en Tyd: Ouers moet hierdie konsepte prakties tuis met hul Graad 2'tjie doen. Maak hul bewus hiervan.
- Geld : 50c, R1,00, R2,00, R5,00 , R10 en R20
- Indien iets gekoop word, moet hulle die kleingeld kan uitwerk.
- Tyd: in ure en halfure

2.8.4 Lewensvaardigheid

Lewensvaardigheid bestaan uit die volgende aspekte:

- Aanvangskennis
- Persoonlike en sosiale ontwikkeling
- Skeppende Kuns
- Liggaamlike Opvoeding.

Dié vak is die middelpunt vir die holistiese ontwikkeling van kinders. Dit het betrekking op die sosiale, persoonlike, intellektuele, emosionele en fisiese groei, en manier waarop dit geïntegreer word.

- Lewensvaardigheid is 'n vak wat oor verskillende terreine heen sny en ondersteun en versterk die onderrig van Wiskunde en Taal in Graad 2.
- As deel van Lewensvaardigheid kry leerders ook die geleentheid om die rekenaarsentrum te besoek, waar hulle rekenaarvaardighede aanleer.
- Daar is een LO-periode per week. Wanneer die weer dit toelaat, is dit buite op die tennisbane of op die veld. So nie, word hierdie les in die saal aangebied.
- Die leerders se motoriese vaardighede word uitgebrei, spanspele en gesonde kompetisie word beoefen. In Graad 2 word veral gewerk aan oog-, hand – en voet koördinasie.
- Rekenaars, Kuns en LO word deur vakspecialiste aangebied.
- Leerders besoek weekliks die Biblioteek, waar hulle meer van biblioteekpraktyk leer, en boekies uitneem wat na die klas geneem word om in vrye tydies gelees te word. Hulle word ook in hierdie tyd voorgestel aan basiese, daaglikse isiXhosa.